Sing vooraf: Psalm 96:1, 8 (p. 480)

1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.

8 Laat aarde͡en hemel juig voor Hom! / Want Hy, die Wêreldregter, / die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom! / Hy kom, waar en getrou, / sy strafgerigte hou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm: Psalm 73:11, 12 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde͡in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.

12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in trouloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Doop: Reinard en Eleonor Visser laat doop hulle dogtertjie Hannah.

Psalm 105:5 (p. 515)

5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Psalm 92:6 (p. 467)

6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.

Skriflesing: Jeremia 3

Teks: Jeremia 3:22

Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees. Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God.
(Jeremia 3:22 AFR1953)

Bekering gaan hand aan hand met selfkennis. Selfkennis is inderdaad ook kennis van my eie sondes en hoeveel skade ek daarmee aangerig het.

Ons doen nou nabetragting en kyk terug na vanoggend se Nagmaal. Daarom gee ons in hierdie preek aandag aan twee sake:

1. Diep ootmoedige terugkeer na die Here toe
2. Ons keer terug in God se krag.

1. Diep ootmoedige terugkeer na die Here toe

Terwyl ons vanoggend Nagmaal gevier het, was daar ’n hele paar dinge waaraan ons moes dink:

- Natuurlik het ons aan die tafel kom sit omdat die Here ons beveel het om te kom.
- Aan die tafel het die Here ons verseker dat Hy ons al ons sondes (afkerighede) vergewe het.
- Ons het juis aan die tafel gaan sit omdat ons daarmee demonstreer het dat ons met oorgawe na die Here toe kom om Hom te aanbid en ook dat ons van ons sondes bekeer wil word.

Hoe het ons dit ervaar, en wat gaan ons daarmee maak? Ons lees in vers 21 dat Jeremia met sy skerp geestelike ore hoor hoe die prediking weerklank vind onder ’n gedeelte van die volk.

- Hy hoor hulle huil.
- Miskien sag en baie ver, maar die klanke van hartseer en berou word deur huilgeluide duidelik gedra tot by sy ore.

Maar dit is nie al wat hy hoor nie.

- Hy hoor hoe die Here hierdie huilendes toeroep:

  Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees.
  (Jeremia 3:22 AFR1953)

Daarna hoor hy die berouvolles met hoop in hulle stemme terugroep:

Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God.
(Jeremia 3:22 AFR1953)

Van trane af kom hulle tot ’n diep, ootmoedige belydenis dat die Here hulle God is.

- Hulle het Hom ’n tyd lank vergeet, maar hulle kom terug.
- Dit is asof hulle bid: Ontvang ons asseblief, Here.

Om Nagmaal te gebruik, veronderstel dus bekering van ons kant af. Of, soos die Here ons oproep in die teksvers: **Keer terug, o afkerige kinders!**

Die woord **terugkeer** is natuurlik 'n interessante woord wat baie keer in die Bybel voorkom, in verskillende betekenisse. Al die verskillende betekenisse teken die verhouding tussen ons en die Here.

Wat baie belangrik is, is dat die manier waarop die Bybel hierdie woord gebruik, ons leer dat daar twee aksies aan die gang is in die woord **terugkeer**.

- Die een is God wat na ons toe terugkeer.
- Die ander een is die gelowiges wat na God toe terugkeer.
- Die twee gaan altyd saam.

'n Mooi voorbeeld waar al twee die soorte *terugkeer* saam in een Bybelvers voorkom, is in Sagaria 1, waar die Here Sagaria aansê om vir die volk te sê:

> **So spreek die HERE van die leërskare: Keer terug na My, spreek die HERE van die leërskare, en Ek sal na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare.**
> (Sagaria 1:3 AFR1953)
>
> NAV: **En nou moet jy vir jou volk sê: So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige, dan sal Ek weer by julle wees, sê die Here die Almagtige.**

- In hierdie een sin beteken **keer terug** die eerste keer dat ons tot bekering moet kom en van ons sondes afstand moet doen.
- In die tweede sin beteken dit dat die Here aan ons genade sal bewys en by ons sal wees.

Die agtergrond van hierdie wedersydse terugkom van die Here en ons na mekaar toe, is natuurlik as gevolg van die sondeval.

- Ons is uit die Paradys weggejaag terwyl die woorde van die Here nog oor ons gedraal het: Vervloek is die aarde om jou ontwil.
- Die intieme verhouding tussen ons en die Here was heeltemal stukkend.

Maar in sy genade is die Here juis nie 'n God van verwerping nie.

- Hy roep die gelowiges op om tot bekering te kom en berou te hê oor hulle sondes.
- Sy oproep vra van hulle om van rigting te verander – hulle moet ophou om van Hom af weg te beweeg. Hulle moet na Hom toe terugkom.

Hoe kom ons terug? Ons kry die antwoord by Job. Hy gebruik die woord **keer terug** twee keer in die betekenis van *besin*.

- Besin sodat onreg nie gebeur nie (Job 6:29).
- *Besin* beteken dat daar 'n verstandsverandering en 'n insigverandering by ons moet intree.

Natuurlik kan mens met bekering nie net by insig vassteek nie. *Daar moet iets uit ons insigte uitgroei en dit moet iets tot stand bring.*

- Hierdie verandering wat uit ons insig uitgroei, is niks anders nie as herskepping.
- Die Here sal ons hele lewe deur bekering uit ons sondes uit herskep tot wat dit behoort te wees.

Job gebruik die woord **keer terug** in Job 33:25 in die betekenis van *herskepping* waar hy beskryf dat ons liggaamlik weer herskep sal word sodat ons fris en jeugdig is.

> **dan word sy vlees fris van jeugdige krag, hy keer terug na die dae van sy jonkheid.** (Job 33:22 AFR1953)

- Ons sal terugkeer na dit wat ons in ons jonkheid was.
- Dit beteken profeties dat die Here ons sal terugverander na wat ons was voor die sondeval.

2. Ons keer terug in God se krag.

Ons hele bekering word beheers deur die almag van God en sy ingrype in ons lewe.

> (6:5) **Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil.** (Psalm 6:4 AFR1953)

In dié sin beteken **terugkeer** dat die Here vir ons gaan sorg.

- Ons wat opreg in die Here glo, is nooit aan onsself uitgelewer nie.
- Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar, want Psalm 90:3 sê baie duidelik:

  > **U laat die mens terugkeer tot stof en sê: Keer terug, o mensekinders!**
  > (Psalm 90:3 AFR1953)

U laat die mens sterwe: U sê net: "Word weer stof!" (AFR1983)

> **U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.** (Psalm 104:29 AFR1953)

Die profeet Jesaja het ook hierdie dubbele werking van die Here in mense se lewens duidelik beskryf.

- In Jesaja 44:22 beskryf hy hoe die Here die dinge wat tussen ons en Hom staan, wegneem.

  > **Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos.** (Jesaja 44:22 AFR1953)

- Natuurlik weet ons almal dat ons sondes ons pad na die Here toe versper – maar die Here gryp in hierdie toestand in.
- Hy openbaar hoe Hy die pad skoonmaak sodat ons by Hom kan uitkom:

Die ander kant is ook dat die Here mense wat nie wil luister nie, laat verdwaal in hulle sondes. Luister na hierdie woorde:

> **HERE, waarom laat U ons wegdwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie? Keer terug ter wille van u knegte, die stamme van u erfdeel!** (Jesaja 63:17 AFR1953)

Die Here leer dieselfde in die Nuwe Testament in Johannes 12:40 waar Hy die volgende sê:

> **Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.**
> (Johannes 12:40 AFR1953)
>
> NAV: **God het hulle oë blind gemaak en hulle verstand laat afstomp sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie.**

Uit onder andere hierdie gedeelte is dit duidelik dat die Here nie alle mense verlos nie.

- Daar is van die wat verhard raak, wat nooit weer in die ligkring van sy genade inkom nie.
- Die Here bevestig sy soewereinteit waarmee Hy mense aanneem of verwerp soos Hy wil, want Hy is Here oor ons almal en Hy verlos wie Hy wil. Luister net wat sê Hy:

  Keer terug, o afkerige kinders, spreek die HERE, want Ek is heer oor julle; en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring. (Jeremia 3:14 AFR1953)

Laat hierdie woorde vir ons 'n waarskuwing wees: Daar is 'n baie klein getal wat gered word! Geloof, berou en bekering is nie dinge waarmee 'n mens waag om kanse te vat nie.

Die groepie wie se gehuil deur Jeremia gehoor is, het in hulle berou ook hulle sonde bely:

> **Maar die Skandegod het die goed van ons vaders opgeëet van ons jeug af, hulle kleinvee en hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters. Ons wil neerlê in ons skande, en ons smaad moet ons oordek; want ons het teen die HERE onse God gesondig, ons en ons vaders van ons jeug af tot vandag toe, en ons het nie geluister na die stem van die HERE onse God nie.** (Jeremia 3:24-25 AFR1953)

Hulle was pynlik bewus van die verskil tussen die Here en die afgode.

- Die Here het geseën en gegee.
- Die Here het hulle voorspoedig gemaak.

Daarteenoor het die afgode hulle arm gemaak.

- Hulle moes al hulle diere offer sonder dat hulle iets teruggekry het.
- Ja, hulle moes selfs hulle eie kinders gaan offer. Hier dink die nasate met bitterheid en pyn aan hulle familie wat wreed doodgemaak is om die afgod Baäl in sy hebsug tevrede te hou.

Meteens kon hulle by 'n punt kom waar hulle kon terugkyk en sien hoe die sonde alles wat daarmee in aanraking kom, verteer.

- Hulle belydenis het ook hierdie element in dat ons, wanneer ons tot bekering kom, dadelik besef dat daar dinge is wat reggemaak moet word.
- Maar daar is ook dinge wat nooit reggemaak sal kan word nie.
  - 'n Kind wat doodgeoffer is, se lewe kan jy nie teruggee nie.
  - Sy ma wat seker haar hart uitgehuil het van angs toe haar seun of dogter vir die afgode doodgemaak is, se pyn kan nooit weer reggemaak word nie.
- Daarom wil hulle in die aarde insink as hulle net daaraan terugdink. Met ons eie sondes gaan dit presies net so.

Tog is hier iets belangriks wat ons ook raak:

- Bekering gaan hand aan hand met selfkennis.
- Selfkennis is inderdaad ook kennis van my eie sondes en hoeveel skade ek daarmee aangerig het.

Hoe kom ons uit hierdie toestand uit? Die antwoord is reguit en seker: Deur bekering.

- Ons kan dit in verskillende woorde sê, en dit is deur die eeue ook al in verskillende woorde gesê.

Die profeet Joël (2:13) het byvoorbeeld gemaan dat ons die uiterlike berou moet vervang met innerlike opregtheid.

- Hy het gesê dat ons ons hart moet skeur en nie ons klere nie.
- Dan moet ons terugkom na die Here ons God toe. Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep.

Aan Esegiël het die Here geopenbaar dat ons sal bly lewe, en nie sal sterwe nie, as ons tot insig kom en ons bekeer van al die oortredings wat ons begaan het (Esegiël 18:27-28).

En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen – hý sal sy siel in die lewe behou; hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. (Esegiël 18:27-28 AFR1953)

In die Nuwe Testament word ons opgeskerp om ons oë te vestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.

- Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins.
- Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God (Hebreërs 12:2).
- Dit is die pad wat ons ook moet loop.

Die bekeerlinge ken en aanbid God as ’n persoonlike God.

- Vir hierdie mense het die Here eeue gelede al belowe dat Hy met hulle besondere moeite gaan doen, en dat hulle saam met Hom sal wees in die Hiernamaals in die Nuwe Jerusalem.
- Hoor hoe die Here dit in die Ou Testament al voorspel het:

  So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die heilige berg. (Sagaria 8:3 AFR1953)

Die Nuwe Jerusalemmers van wie hier gepraat word, is ons. Kom ons leef en word bekeer deur die Here tot die Here om vir ewig by Hom te kan wees.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:2, 14 (p. 575)

2 Loof, loof die God van ons verlange, / o almal wat die HERE vrees!
Sing voor die HEER jul lofgesange, / en laat Gods volk nou vrolik wees!
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die Heer se Naam;
geseënd uit die Heer se woning / is volk en Koning altesaam.
Die Heer, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;

bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 Maart 2009 Nabetragting